Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

Engo Vrystaat
Bemarkingskoördineerder
Voldag – Bloemfontein

Engo is op soek na 'n gemotiveerde en energieke individu om by die Bemarkingspan aan te sluit om Engo se bemarkings- en fondswerwingsdoelwitte in die Vrystaat te bereik.

Vereistes

- Gr 12 kwalifikasie
- Ten minste 2 jaar ervaring in verkope, bemarking, maatskaplik en/of fondswerwing.
- Uitstekende taal- en kommunikasievaardighede in Engels en Afrikaans (Skryf, praat en lees)
- Vermoë om aanbiedings voor 'n groep mense te maak
- Uitstekende menseverhoudinge
- Beskik oor bestuurderslisensie
- Beskik oor eie betroubare vervoer
- Bereid om in die Vrystaat te reis (Projekte word regoor die Vrystaat aangebied).
- Rekenaargeletterd (Word, Powerpoint, Excel)
- Sterk administratiewe vaardighede
- Sterk verkope vaardighede

Aanbevelings

- Relevante naskoolse kwalifikasie
- Kennis van die NPO omgewing

Pligte

- Skakeling met Engo subprogramme in die Vrystaat.
- Ondersteuning aan Engo Subprogramme met bemarkings- en fondswerwingsaksies.
- Implementering van die Bemarkings- en fondswerwingsplan van Engo.
- Fondswerwingsvoorleggings
- Bestuur van fondsinsamelingsprojekte soos Gholfdae, fondswerwingsfunksies en kompetisies.
- Nuwe inisiatiewe om Engo se beeld te versterk, verhoudinge te bou en fondse in te samel.
- Bou verhoudinge met bestaande en potensiële vennote (Besighede, media, vereenigings in besigheid, bestaande en nuwe donateurs, verskaffers, ander NPO's ens).
- Mediaskakeling en verhoudinge om maksimum media blootstelling vir Engo te verseker.
- Bestuur van Engo se handelsmerk volgens die Korporatiewe ID riglyne
- Administratiewe take soos nodig
- Enige ander take/pligte wat binne die kandidaat se vermoë is en binne die beplanningsraamwerk van Engo Bemarking volgens billikheid verwag kan word.

Pakket: Markverwante salaris word aangebied, met byvoordele soos dertiende tjek, pensioenfondsbydrae en 20 dae verlof per jaar. **Belangstellendes kan CV stuur na alda@engo.co.za**

Sluitingsdatum: Maandag, 12 Oktober 2026